OESTERBAAI INWONERSVERENIGING
NOTULE VAN SPESIALE VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 7 DESEMBER 2018 TE BRANDERSTRAAT, OESTERBAAI

TEENWOORDIG

Walter Kurten
Fanie Groenewald
Joe Meyer
Otto Pepler
Hettie Jooste

1. **OPENING**
   Die Voorsitter bedank almal vir hul teenwoordigheid op kort kennisgewing.

2. **VERSKONINGS**
   Lana Pepler, Riekie Pienaar, Adriaan van Wyk.

3. **OMGEWINGSAKE/DUINE**
   Joe rapporteer dat daar heelwat meer instandhoudingswerk nodig is as wat aanvanklik beplan is:
   - Die Slangriviermond sal dringend groter gemaak moet word.
   - Die hooftoegang tot die strand is tans heeltemal onbegaanbaar en voertuie verkry tans toegang deur die paaltjies aan die onderpunt van Oesterlaan. Die hoofingang na die strand sal dus dringend skoongemaak word.
   - Die area by die braaiplek en voor Willie du Plessis se huis is omtrent heeltemal toe onder die sand en baie ongelyk en dit sal aangespreek moet word. Kouga Munisipaliteit het onderneem om 3 vragte grond af te laai vir hierdie opknappingswerk en masjinerie word benodig vir die platstoot en gelykmaak van die grond.

   Joe beraam dat die koste vir die huur van die nodige masjinerie ongeveer R30 000 sal beloop. Willie du Plessis het onderneem om R10 000 te skenk om 'n gedeelte van die kostes te dek.

   Die bedrag van R20 000 word goedgekeur vir hierdie uitgawes.

4. **OESTERBAAI GEMEENSKAPSAAL**
   Tydens die vorige vergadering het Otto, Joe en Adriaan onderneem om 'n kosteberaming te doen vir alle herstelwerk by die saal. Die dak het egter dringend aandag nodig en Joe vra toestemming om die nodige materiaal aan te koop vir hierdie herstelwerk – R2 000 goedgekeur.

5. **AFSLUITING**
   Die Voorsitter bedank almal vir hul bydraes en die vergadering verdaag.

NOTULE AS KORREK AANVAAR EN GOEDGEKEUR.

W Kurten ..... H Jooste .....

VOORSITTER
W KURTEN

SEKRETARESSE
H C JOOSTE

DATUM/DATE: 19-03-2019